AFRIKANERLEWE

AKTIWITEIT 1: GROEPDINAMIESE PROSES

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger in te skakel by die groot sowel as die kleingroep.

STANDAARDE
(a) Dat alle kursusgangers mekaar leer ken.
(b) Dat die kursusganger die doelwitte van die kursus begryp en die metode van aanbieding verstaan om dit in sy kommando toe te pas.

AKTIWITEIT 02: SIMBOLE

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger toe te rus om tydens openbare geleenthede Nasionale-, volks- en Voortrekkersimbole te kan gebruik om gesindheid te bou.

STANDAARDE
(a) Dat die kursusganger aktiwiteite met al ons beskikbare simbole foutloos kan aanbied nl. Landswapen, Nasionale lied, Die Stem, toepaslike vlagliedere, vlae, nasionale dier, -voël, -boom, -blom en –vis.
(b) Dat die kursusganger gemotiveer word sy roeping as kultuurdraer.

AKTIWITEIT 03: BOUSTYLE EN TUISTESKEPPING

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger inligtin te gee oor boustyle en tuisteskepping van toeka tot nou.

STANDAARDE
(a) Dat die kursusganger geboue met besondere boustyle besoek en besondere kenmerke daarvan bespreek.
(b) Dat die kursusganger ‘n vergelyking maak tussen tuisteskepping vann toeka tot nou.

AKTIWITEIT 04: TRADISIONELE EET- EN DRINK KULTUUR

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger ons volkseie eet- en drinkkultuur te laar ervaar.

STANDAARDE
(a) Dat die kursusganger oor tradisionele geregte kan gesels.
(b) Dat die kursusganger twee geregte kan maak.
(c) Dat die kursusganger weet van goeie naslaanwerke.
(b) Dat die kursusganger kennis maak met ons eie volkseie drinkkultuur.

AKTIWITEIT 05: KLEREDRAG

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger inligting te gee oor kleredrag van toeka tot nou.
STANDAARDE
(a) Dat die kursusganger die invloed van modes op kleredrag bespreek.
(b) Dat die kursusganger kennis maak met ons tradisionele kleredrag of die kleredrag van ‘n spesifieke tyd.

AKTIWITEIT 6: AFRIKANER VOLKSGEDAGTE

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger insig te gee in die ontstaan en geskiedenis van die Afrikanervolksgedagte.

STANDAARDE
(a) Dat die kursusganger kennis kan opdoen en indringende vrae kan beantwoord oor die ontstaan en die nou van die Afrikanervolksgedagte.
(b) Dat die kursusganger metodes sal ontwikkel om indringende vrae te kan beantwoord.

AKTIWITEIT 07: MUSIEK

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger te laat deel hê aan ons ryke musiekerfenis.

STANDAARDE
(a) Dat die kursusganger 'n Bundel - Afrikaanse liedjies van toeka tot nou - tydens kursus gebruik.
(b) Dat tradisionele volksdanse en aangepaste jeugdanse beoefen word.
(c) Dat die kursusganger blootgestel word aan eie Afrikaanse sangers en eietydse musiek.

AKTIWITEIT 08: ANDER KUNSTE

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger bewus te maak van ander kunsvorme wat mense se lewens beinvloed.

STANDAARDE
(a) Dat die kursusganger ‘n basiese kennis van ander kunste sal opdoen sodat die kursusganger hom daaroor kan uitspreek.
(b) Dat die kursusganger positief beinvloed word in die verband.

AKTIWITEIT 09: ONTSPANNING

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger in staat te stel om hom te kan verantwoord oor ontspanning van toeka tot nou.

STANDAARDE
(a) Dat die kursusganger deelneem aan tradisionele ontspanning
(b) Dat die kursusganger verskillende vorms van ontspanning identifiseer.

AKTIWITEIT 10: GODSDIENS

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger te laat meedoen aan tradisionele godsdienstige en kerklike aspekte en dat hy hom daaroor kan verantwoord.

STANDAARDE

(a) Dat die kursusganger deel hê aan 'n erediens- en/of gemeentevergaderings soos tydens 3 maandelikse kerk (nagmaal).
(b) Dat die kursusganger ‘n vergelyk tref tussen kategese van die verlede en die hede.
(c) Dat die kursusganger inligting ontvang oor of besoek bring aan 'n tipiese kerkgebou en die kenmerke daarvan uitgewys word.
(d) Dat die kursusganger bespreking voer oor die Afrikaner se godsdienssin soos dit in die verlede en hede voorgekom het.
(e) Dat aand- en oggendgodsdienste op 'n tradisionele manier (boekevat uit verskillende tydperke) tydens kursus waargeneem word.
(f) Dat versplintering in ander kerkgroepe hanteer word.

AKTIWITEIT 11: LEWENS- EN WêRELDBESKOUING

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger in staat te stel om hom te kan verantwoord oor die lewens- en wêreldbeskouing van die Afrikaner.

STANDAARDE
(a) Dat die kursusganger die elemente van 'n lewens- en wêreldbeskouing kan onderskei.

AKTIWITEIT 12: VOLKSFEESTE en BELANGRIKE GEBEURE

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger 'n positiewe standpunt tov volksfeeste te laat inneem.

STANDAARDE
(a) Dat die kursusganger 'n duidelike positiewe standpunt tov volksfeeste sal inneem en sal weet wat die kenmerke van 'n volksfees moet wees.
(b) Dat die kursusganger hom kan uitspreek oor vakansiedae en feesdae van verskillende aard.

AKTIWITEIT 13: AFRIKANERKULTUUR

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger in staat te stel om die begrip kultuureie te kan verduidelik en uit te bou.

STANDAARDE
(a) Dat die kursusganger sal weet wat die begrip kultuur beteken.
(b) Dat die kursusganger sal onderskei tussen kultuur en kultuureie.
(c) Dat die kursusganger metodes sal identifiseer om die aanslag teen die eie teen te staan.
(d) Dat die kursusganger metodes sal identifiseer om die kultuur uit te bou.

AKTIWITEIT 14: VOLKSGESKIEDENIS

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger in aanraking te bring met aspekte van ons volksgeskiedenis.

STANDAARDE
(a) Dat die kursusganger hoogtepunte in die volksgeskiedenis wat ‘n invloed op die verloop van die geskiedenis gehad het bespreek.

AKTIWITEIT 15: VOLKSKUNDE

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger in aanraking te bring met aspekte van die volkskunde.

STANDAARDE
(a) Dat die kursusganger bewus gemaak word van die kenmerke van die Afrikaner se tradisies.
(b) Dat die kursusganger enkele aspekte bespreek bv rytuie, speelgoed, kombuisgereedskap, plaasname, byname, volksverhale en stories.

AKTIWITEIT 16: AFRIKAANSE TAAL

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger te laat deel hê aan 'n opsommende oorsig oor die ontwikkeling van ons taal.

STANDAARDE
Dat die kursusganger kennis dra van en die volgende ervaar tov ons taal:
(a) Verlede:
- Wordingsperiode
- Stryd om erkenning
- Die triomf van Afrikaans
- Die tydperk van groei

(b) Huidig:
- Digkuns as kultuurbeeld
- Prosa as spieëlbeeld van die volksgewete
- Die jongste tydvak
- Stigting Afrikaans

(c) Toekoms
- Die situasie vandag
- Hoe om betrokke te raak

AKTIWITEIT 17: HOOGTEPUNTE

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger sekere hoogtepunte op die Afrikanervolkspad te laat beleef.

STANDAARDE
(a) Dat die kursusganger bespreek hoe ons op bogenoemde terreine ‘n invloed uitgeoefen het.

AKTIWITEIT 18: KULTUURBEGRIPPE

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger in staat te stel om die betekenis van die begrippe, volk, nasie, ras en etnisiteit te kan onderskei.

STANDAARDE
(a) Dat die kursusganger die betekenis van die begrippe per defenisie kan onderskei.

AKTIWITEIT 19: KULTUURORGANISASIES

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger kennis te laat dra van die ontstaan en doelstellings van sommige kultuurorganisasies in Suid Afrika.

STANDAARDE
(a) Dat die kursusganger besef daar is ‘n verskeidenheid kultuur organisasies en weet waarvoor hulle staan.
(b) Dat die kursusganger 'n paar organisasies se bestaansreg objektief bespreek aan die hand van hulle doelstellings.
(c) Dat die kursusganger die organisasies kan identifiseer wat die Afrikaner- volksgedagte ondersteun.

AKTIWITEIT 20: EKONOMIE

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger insig te gee in ons ekonomiese geskiedenis.

STANDAARDE
(a) Dat die kursusganger in staat sal wees om die rol van die Afrikaner-inisiatief in die ekonomie raak te sien gedurende verskillende tydperke.
(b) Dat die kursusganger in staat sal wees om entrepreneurs vaardighede aan te wend.

AKTIWITEIT 21: TOEKOMSPERSPEKTIEF

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger geleentheid te bied om 'n duidelike toekomsperspektief te sien.

STANDAARDE
(a) Dat die kursusgangers sal weet wat die vereistes vir die voortbestaan van 'n volk is.
(b) Dat die kursusganger die toekomsverwagting van 'n volk evalueer teen die huidige tendense in die volkslewe.
(c) Dat die kursusganger 'n gesprek voer met 'n duidelike toekoms perspektief.

AKTIWITEIT 22: EVALUERING

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger geleentheid te bied om die kursus te evalueer.

STANDAARDE
(a) Dat die kursusganger die kursus op die voorgeskrewe vorm sal evalueer.
(b) Dat die kursus op gepaste wyse afgesluit word.